# Veediewe vandag in hof

Vier veediewe kom vandag in die hof voor nadat hul op 22 Mei gearresteer is vir veediefstal. Hulle het gedurende die nag van 21 Mei 2019 en die volgende oggend toegeslaan en 70 skape van mnr Petrus Wahlstrand gesteel op die plaas Driekuil op die Vaaldampad buite Heilbron.

Die skape was in 'n kraal ongeveer 70 meter van die huis af waar mnr Wahlstrand woon. Die diewe het 'n gat in die draad van die kraal geknip en die skape daar deurgejaag. Die skape is na bewering omtrent 20 kilometer ver deur die veld gejaag waar 54 van hulle in 'n klein gebou ingedruk is. Ondersoek is ingestel en met behulp van spore is die skape in die gebou gevind. Een van die 54 skape is daar geslag, en die ander 53 skape is terugbesorg aan mnr Wahlstrand.

'n Paar dae later het twee skape hulle weg teruggevind plaas toe en nog vier is weer teruggekry. 16 dae nadat die voorval plaasgevind het is sewe skape in 'n sloot langs die pad gevind wat se voete vasgebind was. Ses van die sewe is dood gekry. Daar word vermoed dat die skape daar gelos is, net om later weer gehaal te kan word - niemand het teruggekom nie. Daar is nog drie skape wat steeds weg is.



# Perde eienaars neem kennis

*• Heilbron Landbou*

Daar is perdesiekte gevalle in die Vrystaat aangemeld. Perdesiekte entstof is by veeartse beskikbaar. Ruiters moet permitte hê om perde te vervoer of om aan perderitte te mag deelneem.

Alle Ruiterklublede sowel as eienaars van perde neem kennis van die gevaar van perdesiekte.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 8 | | 9 | 4 | 7 | 3 | | 5 |
| | | | 6 | 2 | | 9 | 8 | |
| | | 9 | | | | | | 6 |
| 4 | 6 | | | | 2 | | | |
| 9 | 3 | | | 1 | 6 | | | 8 |
| 2 | 7 | 8 | 5 | | 4 | 6 | 3 | |
| 1 | 5 | | | 8 | | | | |
| 8 | 2 | | | 7 | 5 | 1 | | 3 |
| | | | | | | 8 | 5 | 2 |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*





